**REFERAAT**
**Stellenbosch, April 2004.**

# PASAANGEëR OF IRRELEVANT?[1]

## Die studie van geskiedenis op Stellenbosch, 1866-1985

**Prof. PH Kapp**

Die departement Geskiedenis as ‘n selfstandige departement het in 1904 tot stand gekom. Naas die Universiteit van Kaapstad, wie se departement in 1903 gestig is, is dit die tweede oudste departement Geskiedenis in die land is. Dit is ook die oudste Afrikaanse departement. Op die gebied van nagraadse studie en na-doktorale navorsing is dit een van die aktiewe departemente in die land. Dit het oor die loop van jare ‘n buitengewone groot getal professore aan ander universiteite opgelewer, waarskynlik die meeste tot op datum van enige universiteit in Suid-Afrika. Dit het oor die dekades van sy bestaan ‘n groot getal oudstudente opgelewer wat later prominente posisies in die onderwys, die joernalistiek, die ekonomie en die politieke en kulturele lewe beklee het. Dit het ook in belangrike opsigte die maatstaf geword om die Afrikaanse geskiedbeskouing en die aard van Afrikaanse geskiedskrywing aan te meet. Meerdere uitsprake is al oor die kombinasie Afrikaanse geskiedskrywing en Stellenbosch gemaak. Meeste van hierdie uitsprake is gebaseer op die studie van enkele historiese werke of van die rol van bepaalde persone wat aan die departement verbonde was. Nie een het nog ‘n werklik diepgaande studie van al die fasette van die departement se werk en rol gemaak nie.

Dit is daarom begryplik dat uitsprake wissel op ‘n kontinuum van selfprysing tot die tipering van die departement as die pasaangeër van die Afrikaanse geskiedskrywing tot die uitwys van die departement se gebreke en tekortkominge. Die twee skerpste uitsprake in laasgenoemde geval is diegene wat die geskiedbeoefening op Stellenbosch in die kader van enge Afrikaner nasionalisme beoordeel tot diegene wat dit as irrelevant vir die debat oor ras en klas en vir die sogenaamde nuwe sosiale geskiedenis beskou.

Ten einde ‘n billike en gebalanseerde beoordeling te kan doen, is dit nodig om die volle spektrum van die departement se werksaamhede in oënskou te neem. Dit sluit in die ontwikkeling van kursusinhoude, die kwaliteit van die studentemateriaal, die nagraadse navorsing en onderrig en die wetenskaps- en gemeenskapsbydrae van die dosente van die departement. Dit moet gedoen

---

[1] Hierdie referaat is ‘m bondige samevatting van die gevolgtrekkings in ‘n meer omvattende studie van die geskiedenis van die departement. Daarom word hier die minimum voetnote aangegee. Volledige verwysings is in die oorspronlike teks te vinde. Hierdie referaat, anders as die volledige teks, handel net oor die tydperk tot 1985.Ontwikkelinge daarna tot die jaar 2000 word in die teks uiteengesit.

word teen die agtergrond van die veelkantigheid van die aard van Geskiedenis die dissipline en geskiedenis, die besit van mense en gemeenskappe waarvolgens hulle hulself oriënteer en hulle tyd en omstandighede vertolk.

## 1. Oorsprong

Die geskiedenis van die departement kan nie begryp word as dit nie oorweeg word in die lig van twee belangrike kenmerke van geskiedenis as openbare besit (dikwels na verwys as *Public History*) soos dit in die jare voor en na 1904 ontwikkel het nie. Albei hou verband met die vraag na die rol en funksie van geskiedenis in die samelewing. ‘n Historiese bewussyn is deel van die mens se natuurlike besit. Die mens se belangstelling in die geskiedenis het om suiwer pragmatiese redes ontstaan. Dit moes die lewe van die gemeenskap op verskilende maniere help reël. Hoe hoër die peil van ontwikkeling van ‘n gemeenskap of ‘n beskawing, hoe meer intellektueel en vergeestelik het hierdie rol geword. Maar hoe kompleks dit ookal geword het, in sy wese het dit met twee kernvrae te doen: Wie is ons? Hoe het ons en ons wêreld en tyd geword wat dit vandag is?

Die ontstaan van Geskiedenisonderrig in Suid-Afrika in die Kompanjiestyd het ook hiermee verband gehou, maar in sy religieuse gedaante. Geskiedenisonderrig was deel van die onderrig van die Bybel en die christelike godsdiens. Mettertyd, veral na die koms van Britse mag en oorheersing na 1795, het dit ‘n instrument geword om die onderdane bewus te maak van die nut en waarde van die Britse gesag. Geskiedenis self het ‘n onbelangrike rol in die skoolleerplanne gespeel, waar die klem op Bybelgeskiedenis, die Klassieke as morele leer en op die prestasies van Brittanje en die Britse Ryk geval het.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die twee kenmerke van die vroeë openbare belangstelling in die geskiedenis ontwikkel het. Die eerste was ‘n begeerte na kennis van die lokale eerder as die Britse of Klassieke geskiedenis. Kaapse geskiedenis, soos dit in die woordgebruik van die tyd bekend gestaan het, moes ook aandag kry. Dit het by die tweede kenmerk aangesluit: die Hollands/Afrikaanse koloniste wou hulle eie geskiedenis en die geskiedenis van die taalgenote in die res van Suid-Afrika leer. Hierdie twee kenmerke het in die sewentigerjare van die neëntiende eeu na mekaar beweeg en is uiteindelik deur politiek-kulturele ontwikkelinge gestimuleer. Die poltieke ontwaking van Hollands/Afrikaanse burgers aan die Kaap wat met die stigting van die Boere Beskermingsbond in 1879 gestalte begin kry het, en die kulturele ontwaking wat met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 beslag gekry het, sou tot die ontwikkeling van ‘n historiese bewussyn lei. Hierdie bewussyn sou sterk by taal, godsdiens en die politiek aansluiting vind. Die reaksie wat Theophilus Shepstone se anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1877, die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog van 1881 en die Jameson-inval van 1895 meegebring het, het hierdie openbare belangstelling in die verlede kragtig versterk. Die reg op eie taal, eie godsdiens, eie onderwys, eie geskiedenis het dus as reaksie op prikkels wat van buite gekom het, ontstaan. Die wyse waarop dit na die studente aan die Victoria Kollege deurgewerk het, word deur talle

uitsprake en optredes van die studente en die groeiende getal Hollands-Afrikaanse professore, wat die Skotte begin vervang het, geillustreer. Hier word net een voorbeeld aangehaal. Met die eerste verskyning van die studenteblad *Stellenbosch Students' Annual* in 1892 word die heel eerste hoofartikel gewy aan "patriotism and nationality". Die artikel vertoon 'n sterk hunkering na 'n inhoudgewing aan 'n eie geskiedenis. In die tweede uitgawe word 'n artikel gewy aan "De Afrikaander" se geskiedenis as die geskiedenis van Geus, Hugenoot en Voortrekker.

## 2. Kontinentale herkoms

Hoe die openbare rol en funksie van geskiedenis en die akademiese studie van Geskiedenis aansluiting by mekaar sou vind, blyk uit die wyse waarop die eerste leerstoel in Geskiedenis aan die Victoria Kollege tot stand gekom het. Dit is moontlik gemaak deur 'n skenkling van die Krige-familie van Stellenbosch en was spesifiek bedoel vir die bevordering van die studie van Algemene Geskiedenis, nie Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Die bedoeling hiermee was duidelik. 'n Belangrike Europese komponent moes as teenvoeter vir die totale oorheersing van Britse geskiedenis dien. Daarom is 'n Europeër vir hierdie pos gewerf; Everhardus Cornelis Godée Molsbergen (18.9.1875-8.3.1940) wat sy doktorsgraad in Leiden verwerf het.

Die grondslag van die studie van geskiedenis wat hy gelê het, word deur vier eienskappe gekenmerk. Eerstens, die klem op die kennis van tale. Naas Nederlands en Engels was hy Latyn, Grieks, Frans, Duits en Italiaans magtig. Dit het 'n wye venster op die Europese en internasionale verlede geopen. Tweedens, die besondere aandag wat hy aan Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee het. As leerling van die Nederlandse vaderlandse historikus PJ Blok het hy groot waarde aan die konsep vaderlandse geskiedenis geheg. Dit het hom spoedig met die onderwysowerhede in botsing gebring. Derdens, die groot waarde wat hy aan argivale navorsing geheg het. Hy het dadelik met navorsing in die Kaapstadse argief begin waaruit o.a. sy biografie oor Jan van Riebeeck voortgevloei het. Hy was dan ook lid van die eerste Argiefkommissie waar hy 'n persoonlike vriendskap met George McCall Theal ontwikkel het. Dit is sy navorsing, terloops, wat indirek tot sy huweliksprobleme en sy uiteindelike afdanking aan die Kollege gelei het. Vierdens, sy klem op die reg om deur medium van Nederlands onderrig te word en sy noue aansluiting by sowel die Nederlandse as die Afrikaanse taalstrewes op Stellenbosch.

Sy opvolger, die drie-en twintigjarige Willem Blommaert (15.6.1886-18.10.1934), was 'n Vlaamse Belg wat in belangrike opsigte by sy grondleggingswerk aansluiting sou vind maar ook betekenisvolle verbreding en vernuwing sou bring. Hy was 'n student van die beroemde Henri Pirenne aan Gent onder wie se invloed hy groot waarde aan die ekonomiese geskiedenis geheg het. Die meeste van sy nagraadse studente het dan ook of oor ekonomiese temas of oor die VOC-tydperk aan die Kaap gewerk. Hoe suksesvol hy en sy Franse vrou deel van die Stellenbosch gemeenskap geword het, blyk uit die feit dat hy voorsitter (dekaan) van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte en voorsitter van die Senaat

(Rektor) van 1926 tot 1934 geword het. Hy was geliefd onder die studente en personeel. As beskeie persoon het hy minder met sy welsprekendheid as dosent as met sy besonder wetenskaplike benadering beïndruk. Sy onpartydige, maar terselfdertyd empatiese, ontleding van historiese gebeure was sy besondere kenmerk. In sy opleiding van veral nagraadse studente was die noodsaak om eers die rekonstruksie van gebeure so onpartydig en so deeglik moontlik te finaliseer voordat verbande gelê en interpretasies ontwikkel word, sy vlagskip. Hy het hom op die tydperk van die VOC aan die Kaap, en veral die ekonomiese geskiedenis, toegespits. Die eerste MA-verhandelinge en die eerste doktorsgrade van die departement onder sy leiding het dan ook oor die institusionele en ekonomiese geskiedenis van die Kaap gehandel.

Hy het ‘n nuwe MA-kursus ingestel met ‘n veel omvangryker studieterrein as voorheen en besondere klem op metodologiese en filosofiese aspekte. Die bekende debat wat hy met sir George Cory en Gustav Preller in 1923 op Stellenbosch gevoer het, illustreer sy presiesheid as navorser. Met min omhaal van woorde maar deeglike analise en ondersoek het hy Cory se aanspraak dat die Retief-Dingane traktaat nooit bestaan het nie, en dat wat as sodanig voorgegee word, ‘n vervalsing is, verkeerd bewys.

Sy denke oor die aard en wese van Geskiedenis het noue aansluiting by die kultuurhistoriese benadering wat veral met die Duitser Karl Lamprecht verbind word, gevind. Hy het dit as ‘n besonder moeilike vorm van geskiedskrywing beskou en Henri Pirenne as een van die weinige suksesvolle beoefenaars daarvan geag. Die geskiedenis moet in sy geheel bestudeer word, in al sy uitingsvorme: intellektueel, sosiaal, polities, ekonomies. “De menslijke bedrijvigheid vormt een groot geheel, en men kan niet sommige delen of uitzichten daarvan afscheiden, zonder andere te overdrijven en aan het geheel te kort te doen”, het hy verklaar.

Die inhoud van die MA-kursus was so straf dat dit vandag moeilik denkbaar is dat hy, as enigste dosent op nagraadse vlak, so lank alles alleen kon behartig. Hy het ook Godée Molsbergen se voorbeeld gevolg en weggebreek van die Skotse metode van lesings met gedikteerde aantekeninge. Hy het die Europese seminaarmetode, met sy klem op gesprekvoering en op die studie van oorspronklike bronne, ingevoer. Sy belangrikste navorsingsprojek oor die slawe kon hy nie voltooi nie. Dit is na sy dood afgerond deur sy student HB Thom, maar dit is duidelik dat hy ‘n meer omvattende studie beoog het as wat uiteindelik verskyn het.

Godée Molsbergen sowel as Blommaert het aan die geskiedenis van die Khoi, die San en die slawe aandag gegee. Molsbergen het byvoorbeeld in Nederland en België daaroor openbare voordragte gehou waarvan een gepubliseer is. Die eerste MA-tesis oor die Khoi is onder Blommaert se studieleiding geskryf oor die vroegste veehandel tussen die Khoi en die nedersetting aan die Kaap. By sy dood was hy met sy jare lange studie oor slawerny aan die Kaap besig.

As ‘n leier in die Vlaamse studentebeweging aan die Universiteit van Gent wat hom vir die vernederlandsing van die universiteit beywer het, het hy noue aansluiting by die Afrikaanse taalbeweging op Stellenbosch gevind. Toe hy in 1924 die pos van sy leermeester aan Gent aangebied is, het hy besluit om op Stellenbosch te bly.

Blommaert se primêre belangstelling was die teoretiese aspekte van die vak en die Europese geskiedenis. Die in stel van ‘n spesiale leerstoel in Suid-Afrikaanse geskiedenis het die geleentheid geskep om aan Suid-Afrikaanse geskiedenis ‘n volwaardige plek in die kursusse te gee. Dit is weer eens moontlik gemaak deur ‘n privaat skenking van ‘n Stellenbosser, Jannie Marais. Die aanstelling van SFN Gie (13.7.1884—9.4.1945) in 1917, die eerste oudstudent van die departement om as professor aangestel te word, het beteken dat ‘n derde kontinentale invloed op Stellenbosch ‘n inslag sou vind. Hy het drie jaar lank in Duitsland onder Max Lenz, Otto Hinze en Friedrich Meinecke gestudeer waar hy deeglik onder die indruk van die debat tussen die denke van Wilhelm Dilthey, Max Weber, Karl Lamprecht en Leopold von Ranke gekom het. Hy het aanvanklik sy proefskrif onder Meinecke oor Suid-Afrikaanse konstitusionele geskiedenis begin, maar die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het dit vir hom onmoontlik gemaak om die argiewe in Den Haag en Londen te besoek. Hy het daarna oor ‘n suiwer Duitse onderwerp onder Meinecke gepromoveer.

Iemand wat ‘n sterk kandiddaat vir die pos moes gewees het, was ‘n ander oudstudent van die departement wat jonger as Gie was, Jack Holloway. Hy was die eerste honneursstudent in Geskiedenis op Stellenbosch en het in 1917 ‘n D Sc-graad in Ekonomie aan die *London School of Economics* verwerf oor die ekonomiese oorsake van die Groot Trek. Hy het in 1922 die eerste professor in Ekonomie aan die Transvaalse Universiteitskollege geword. ‘n Derde kandidaat was Leo Fouche wat in 1908 sy doktorsgraad aan die Universiteit van Gent verwerf het en professor in Geskiedenis aan die Transvaalse Universiteitskollege was. Die keuse het op Gie geval vanweë sy besondere onderwyservaring.

Gie het in meerdere opsigte van Blommaert verskil. Hy was minder op navorsing gerig as Blommaert en het hom op sy onderrigfunksie toegespits. Hy was veel meer flambojant in sy onderrig wat hom besonder gewild onder die studente gemaak het. Sy aandag was toegespits op die trek van die hooflyne van historiese ontwikkeling met besondere aandag aan die verhouding tussen intellektuele strominge en historiese gebeure. As eerste bekleër van die Jan Marais-leerstoel in Suid-Afrikaanse geskiedenis is sy werk as dosent gekenmerk deur sy doelbewuste verbandlegging tussen gebeure in die res van die wêreld en Suid-Afrika. Hy het daarna gestrewe om plaaslike gebeure binne ‘n internasionale konteks te behandel. In sy seminaarklasse het hy die studente doelbewus oorspronklike bronne met botsende standpunte laat lees om hulle te leer om krities na waarnemings en uitsprake te kyk, So byvoorbeeld het hy die studente verskillende uitsprake oor die karakter van die Hollandse koloniste aan die Kaap deur mense soos John Barrow, JA de Mist en goewerneur Janssens laat lees ten einde te bepaal wat ‘n billike oordeel oor hulle karakter sou wees. Hy het klem gelê op die belangrikheid van die soeke na onpartydige insigte, maar

terselfdertyd ook die noodsaaklikheid van ‘n diepgaande kennis van die volksgeskiedenis beklemtoon. Vir hom was die geskiedenis van Suid-Afrika die geskiedenis van die Westerse beskawing en daarom het sy tweedelige *Geskiedenis van Suid-Afrika* die noue verwantskap tussen die twee beklemtoon. Die doel van die studie van die geskiedenis was vir hom om die “maatskaplike verhoudinge rondom” mense te begryp deur die ontwikkeling daarvan na te gaan. Daarom was geskiedenis vir hom nie die verhaal van groot persoonlikhede nie, maar die verhaal van die “stille arbeid van tallose individue deur geslagte heen”. Deur die studie van die geskiedenis moes die reg van die Afrikaner op ‘n eie geskiedenis bevorder en ontwikkel word. Dit moes gedoen word deur sowel die donker as die helder momente te bestudeer. “Is daar ‘n volk ter wêreld, in wie se geskiedenis geen swart blaaie is, in wie se geledere geen skurke en swakkelinge gevind kan word nie”, het hy verklaar. Gie het ‘n belangrike invloed op die studente en die personeel uitgeoefen. Met sy aanstelling as ondersekretaris van Onderwys in 1926 was hy voorsitter van die Senaat.

Die drie Europese strominge wat tussen 1904 en 1934 ‘n tuiste op Stellenbosch gevind het, het in bepaalde opsigte ten nouste by mekaar aansluiting gevind ten spyte van onderlinge verskille. Al drie het op die metodologie van navorsing uit argivale en oorspronklike bronne klem gelê. Al drie het aan die eie Vaderlandse geskiedenis sterk waarde geheg en ‘n kulturele element in terme van ‘n eie volksgeskiedenis wat krities ondersoek en waardeer moes word, beklemtoon. Die Nederlandse, Belgiese en Duitse perspektiewe op die beoefening van nasionale geskiedenis wat hulle ten opsigte hiervan gevestig het, het noue aansluiting by mekaar gevind. Hulle het ten slotte al drie op die nie-politieke geskiedenis die klem geplaas.

## 3. Verinheemsing

Die tweede periode in die geskiedenis van die departement kan as die tydperk van verinheemsing beskryf word. Geskiedenis sou nou in sowel sy akademiese gestalte as sy funksie as openbare besit ‘n sterk rol as vormgewer aan ‘n Suid-Afrikaanse, en meer spesifiek ‘n Afrikaanse, visie op die geskiedenis gestalte kry. Dit het die aandag wat die grondleggers hieraan gegee het, heelwat verder gevoer en dit uitgebou as ‘n alternatief tot die Engelse imperiale en koloniale geskiedbeoefening wat op daardie tydstip die oorheersende was. Dit sou in bepaalde opsigte saamgaan met die opkomende Engelse liberale geskiedskrywing in die begin van die jare dertig. Dit was veral die geval ten opsigte van die klem wat dit op die selfstandige belang van Suid-Afrikaanse gebeure en omstandighede geplaas het en die groter erkenning wat dit aan die rol van die Nederlands-Afrikaanse ervaring gegee het. Oor ander aspekte, veral oor die interpretasie van die Nederlands-Afrikaanse ervaring, die oorsprong van rasseverhoudinge in Suid-Afrika, en die rol van die Britse imperiale optrede, het hulle egter ernstig verskil. Waar die liberales hulle klem op die rol van sosio-ekonomiese faktore geplaas het, het hulle hulle sterker op die rol van identiteitsfaktore en politieke bewuswording toegespits. Hulle het die verskille tussen groepe beklemtoon, terwyl die liberales na ooreenstemminge gesoek het. In hulle leiding aan nagraadse studente het hulle nog steeds die meeste aandag

aan die VOC-tydperk, die pioniersgeskiedenis van die blanke koloniste en die ekonomiese geskiedenis gegee en nie aan politieke of nasionalistiese geskiedskrywing nie.

Die twee sleutelfigure in hierdie tydperk was die twee professore Johannes Andreas Wiid (16.7.1893-4.6.1983) en Hendrik Bernardus Thom (13.1.2-1905-4.11.1983). Dit is in hierdie tydperk dat die senior lektor in die departement, PJ van der Merwe, sy trilogie oor die trekboer gelewer het waarvoor hy groot bekendheid verwerf het. Maar aangesien hy eers in 1955 professor geword het toe Thom rektor geword het, word hy by die derde tydperk bespreek omdat hy toe sy werklike invloed in die departement laat geld het.

Wiid, Thom en Van der Merwe het al drie deeglike Europese opleiding ontvang, hoewel Thom sy doktorsgraad op Stellenbsoch onder Blommaert verwerf het, juis oor ‘n ekonomiese onderwerp, die geskiedenis van skaapboerdery. Wiid het sy doktorsgraad *magna cum laude* onder Herman Oncken in München verwerf met ‘n proefskrif oor die Boererepublieke in die buitelandse beleid en koloniale politiek van die Duitse Ryk tussen 1883 en 1900, ‘n heel kontemporêre onderwerp dus wat noue aansluiting by die politieke wetenskap gevind het. Wiid het nie ‘n besondere stempel op die departement afgedruk nie. In die bykans dertig jaar wat hy aan die departement verbonde was, het hy 8 doktorale kandidate afgelewer teenoor Thom se 16 in twintig jaar. Hy het hom veral in die kontemporêre Europese geskiedenis geinteresseer en ‘n aantal bydraes oor die geskiedenis van die Afrikaner gelewer.

Thom het as student ‘n briljante akademiese loopbaan gehad en ook as studenteleier sy merk gemaak. Sy eerste belangstelling was tale – hy het benewens Afrikaans ook Nederlands, Engels, Frans en Duits vlot gepraat. Hy was van voornemens om in die letterkunde verder te studeer maar Blommaert het hom oorreed om met Geskiedenis aan te gaan. As seun van ‘n familie wat swaar onder die Anglo-Boereoorlog gely het, wat as Kapenaars hulle intens met die Boererepublieke vereenselwig het, wat in die skaapwêreld van Burgersdorp met sy taalmonument groot geword het, het Thom tot aan die einde van sy lewe in sy hart Burgersdorper en Stellenbosser gebly. In sy MA-jaar het hy die Webb-stipendium verower wat hom in staat gestel het om in Berlyn, Parys en Amsterdam te studeer. Hier het hy met belangrike nuwe ontwikkelinge in die vak kennis gemaak en veral met die invloed van sosialistiese denke op die geskiedbeoefening kennis gemaak. Dit was egter Meinecke en die Franse wetenskaplike skool wat hom die sterkste aangetrek het.

Thom was bestem om ‘n sentrale rol buite die vak geskiedenis te speel as rektor van die Universiteit Stellenbosch (1954-1969) en as voorsitter en leier van talle kulturele en opvoedkundige bewegings. As historikus kan sy bydrae op vyf terreine uitgesonder word. Eerstens, ten opsigte van sy eie navorsing waarmee hy ‘n nuwe standaard van deeglikheid van navorsing en egtheid van aanbieding daargestel het. Tweedens, sy onderrig, beide voorgraads en nagraads. Veral op nagraadse gebied het hy heelwat studente van ander universiteite getrek. Hy is tot op datum die professor in Geskiedenis wat die meeste doktorskandidate in

Suid-Afrika afgelewer het. Derdens, in sy leiding van ander navorsingsprojekte waarvan die een oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog stellig die belangrikste is. Vierdens, sy groot rol om die studie van die geskiedenis op soveel terreine te bevorder. Die belangrikste hiervan is die Argiefkommissie waarvan hy jare lank voorsitter was, die stigting van die Argiefjaarboek van Suid-Afrika, die stigting van die Biografiese Woordeboek, sy rol in die publikasies van die Van Riebeeck-Vereniging, die bevordering van genealogiese navorsing en sy rol as lid van die Nasionale Monumentekommissie en die werk wat hy daar gedoen het vir die bewaring van historise gedenkwaardighede. Vyfdens, sy rol in die bevordering van die openbare funksie van die geskiedenis en die vestiging van 'n Afrikaanse historiese bewussyn.

Thom self was besonder gesteld daarop dat sy omvattende werksaamhede en groot openbare rol oor 'n tydperk van bykans 50 jaar, in drie duidelike gebiede onderskei moes word: sy histories-wetenskaplike arbeid, sy werk as opvoedkundige, en meer spesifiek as onderwysleier, en sy rol as kultuurleier. Hier gaan dit spesifiek om sy rol as historikus.

Sy bydrae as historukus berus op veral drie studies. Sy biografie oor die Voortrekker Gert Maritz wat in 1947 verskyn het en 'n nuwe standaard vir die Afrikaanse biografie daargestel het. Die werk aan Maritz het Thom etlike jare besig gehou omdat daar karige gegewens was en hy veel moes doen om inligting uit nie-argivale bronne op te diep, veral by nasate van mense wat Maritz se familie geken het. Die eerste drie hoofstukke oor Maritz se vroeë lewe is 'n toonbeeld van die historikus se vermoë tot volhardende soek na gegewens om 'n rekonstruksie van verlore geskiedenis moontlik te maak. Die wyse waarop die persoonlike lewe van Maritz die middelpunt vorm van 'n uiteensetting van die gebeure ten tye van die trek en die onopgesmukte wyse waarop Thom ten slotte sy karaktertrekke en sy betekenis skets, plaas dié biografie in 'n ander kategorie as byvoorbeeld die biografieë wat Franken en Preller oor Piet Retief geskryf het. Maritz word as die draer van hoop te midde van moedeloosheid, as die skepper van orde te midde van chaos uitgebeeld, nie as 'n militêre leier of 'n avontuurlike pionier nie, maar die bestendiger van bestuur en administrasie.

Sy tweede groot werk is sy bundel opstelle oor die Groot Trek waarin sy studie oor die oorsponklike Geloftekerk vervat is. Veral laasgenoemde is 'n toonbeeld van deeglike ontleding van skaars bronne met groot vaaghede.

Sy derde belangrike bydrae is die transkribering, annotering en vertaling in Engels van die Dagverhaal van Jan van Riebeeck saam met die taalkundige prof DB Bosman.

Thom se standpunt was dat dit die taak van die historikus is om aan die hand van deeglike en metodiese ondersoek in die bevestigde, gerekonstrueerde, egte en betroubare bronne, eerstens daarna te strewe om 'n korrekte feitelike rekonstruksie van gebeure te maak. Daarná word dié gebeure binne hulle histories-getroue konteks beskryf met behulp van direkte en empatiese

taalgebruik wat enige pretensie van woordrykheid en intellektualisme vermy. Op hierdie wyse moet die verhaal van wat gebeur het, ‘n selfstandige bestaan kan voer en vir sigself kan spreek. Dit bied die leser die geleentheid om eie vrae te stel en vertolkings te ontwikkel. Verklarings is belangrik, maar moet in die eerste plek in die verbandlegging met gebeure van onmiddelike verwantskap geskied. Verklarings moet nie van buite af op die teks afgedwing word nie.

Sy populêre artikels het met sy vyfde bydrae tot die vakgebied te doen – die belang wat die openbare lewe by die studie van die verlede het. Dit was sy uitgangspunt dat dit die historikus se plig is om die opvoedkundige waarde van sy vak bekend te stel en om aan die mense oor wie die geskiedenis handel, ‘n beter kennis en verstaan van die verlede moontlik te maak. Sy toesprake was bedoel om die praktiese nut van sy historiese en breër akademiese insig op die probleme en vrae van die dag van toepassing te maak. Die immer veranderende aard van hierdie vraagstukke het beteken dat hierdie werk, wat hom betref, geen afgeronde finale standpunt verteenwoordig het nie, maar wel in die teken gestaan het van die aktualiteit en betrokkenheid van akademiese kennis en van die diensvaardigheid van die akademikus.

Die eie verstaan van die verlede en die verwerking daarvan vir die immer-verskuiwende hede was vir Thom ‘n saak van dringende noodsaak. Die historikus deel ‘n universele metodeleer met alle historici. Die verbesondering van die eisoortigheid van elke stuk historiese gebeure en pogings om daaraan vir die hede sin te gee binne die eie behoeftes en tradisie, was daarom vir hom belangrik. As dosent in die Algemene Geskiedenis het hy wyd oor die terrein van die Europese en Amerikaanse geskiedenis beweeg. Wanneer dit by die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekom het, was dit vir hom belangrik om vir die Afrikaner iets van sy eie verlede te laat begryp om die ontwikkeling van ‘n eie historiese plek en identiteit te help ontwikkel. Daarom het Thom erkenning gegee aan die reg op ‘n eie Afrikaner interpretasie van die Suid-Afrikaanse verlede.

‘n Hele aantal vak- en ander akademiese kollegas, insluitende Geyl, Coolhaas en Van Winter, het waardering vir hierdie standpunt betuig. Dit is teen hierdie agtergrond dat Dirk Opperman in 1952 die versoek aan Thom gerig het om meer artikels vir *Standpunte* te lewer wat wat kan help om die Afrikaner se gebrek aan kennis en verstaan van die Suid-Afrikaanse verlede teen te werk.

As openbare figuur was Thom ‘n sterk ondersteuner van die republikeinse strewe, van die bevordering van die Afrikaanse kuns en kultuur, ‘n persoonlike vriend van dr DF Malan, ‘n ondersteuner van die Nasionale Party en ‘n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede wat deur studie en navorsing die beleid van eiesoortige ontwikkeleing wou bevorder.

Is daar ‘n verband tussen Thom se onderrig van die vak, sy navorsingswerk en sy openbare rol wat aandui dat hy as historikus en openbare figuur ‘n doelbewuste eensydige voorstelling van die Suid-Afrikanse verlede aangebied het? Het hy ‘n eng Afrikaner nasionalistiese beeld aan sy studente oorgedra? Het hy deur sy hantering van die vak die apartheidsbeleid gesanksioneer? Was sy

integriteit as historikus ondergeskik aan sy entoesiasme as ‘n Afrikaner en ‘n ondersteuner van die Nasionale Party? Het hy die geskiedenis in eksklusief Afrikanerterme benader? Uit die oogpunt van die historiografioe is die sleutelvraag of Thom, soos al beweer is, ‘n valse histories-objektiewe benadering aan sy studente voorgehou het en hulle daardeur mislei het oor die wese van Geskiedenis?

Die resultate van historiese navorsing en onderrig moet binne drie kontekste verantwoord word. Die eerste is die tydgenootlike konteks van die besondere stuk geskiedenis wat ter sprake is omdat menslike handelinge en denke in die eerste plek binne die konteks van hulle eie tydsraamwerke verstaan moet word. Die tweede is dat die historikus self ook binne ‘n bepaalde tydskonteks optree waarin die aard van dáárdie tyd se besondere vrae en omstandighede die moontlikhede van sy interpretasies in belangrike opsigte beïnvloed. Die derde is die stand van die vakbeoefening en die metodologiese en historiografiese moontlikhede en geleenthede wat dit op daardie bepaalde tydstip skep.

Thom se geskiedbeskouing is deur sy kontinentale opleiding gevorm en deur sy historiese arbeid en sy Suid-Afrikaanse ervaring verinheems. Dié twee sake het in verhouding met mekaar ontwikkel. Daarom moet sy beskouing van die sentrale tematiek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en sy klem op die Afrikaner se plek en rol daarin as die ontwikkeling van ‘n alternatief gesien word. Dit was bedoel as ‘n ander kyk op die verlede as wat die imperiaal-kolonialistiese geskiedskrywing en die pro-Britse imperiale politieke houding in Suid-Afrika verteenwoordig het. Dit was ook bedoel om die opkomende nuwe liberale interpretasie van die jare dertig gesien word. Dit was juis die tekortkominge van die Brits-imperiale geskiedskrwying wat aan die strewe om die Afrikaner se plek en rol in die geskiedenis beter te bepaal en daaraan ‘n werklik histories-wetenskaplike grondslag te bied, wat by Thom ‘n belangrike faktor was. ‘n Kultuur se beeld van homself word sterk beïnvloed deur sy historiese bewussyn, was Thom se uitgangspunt. Talle Engelstalige werke het na sy oordeel die Afrikaner se historiese rol gemarginaliseer en ‘n negatiewe beeld van Afrikaners geteken. Hulle het dikwels die Kompanjiestyd as ‘n tyd van agteruitgang wat deur die koms van die Britse gesag verander is, beoordeel; die Groot Trek as ‘n sinnelose daad van grondhonger beskou; en die Anglo-Boeroorlog as die noodwendige gevolg van die onverstandige en onmenslike optrede van Kruger en die republieke, wat ‘n struikelblok vir ekonomiese vooruitgang en die ontwikkeling van die Britse beskawing verteenwoordig het. Dit het Afrikaanse historici gemotiveer om ‘n alternatiewe interpretasie daar te stel wat ‘n ander beeld sou skep en daarmee ‘n belangrike bydrae sou lewer om die kulturele opheffing van die Afrikaner te bevorder. Dit was by hierdie strewe dat Thom aansluiting gevind het. Die opkoms van die liberale geskiedskrywing het ook gelei tot vrae oor die presiese aard van die swart-wit ontmoeting in die geskiedenis. Was dit ‘n ontmoeting wat die poptensiaal van eenheid of konflik tussen groepe geskep het? Thom wou wegkom van die onbevredigende stand van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing omdat dit te veel op emosionele belewing en te min op deeglike navorsing gebaseer was. Hy wou dit op ‘n hoër vlak van intensiewe argivale navorsing plaas. In 1942 het hy op die

gradedagplegtigheid 'n voordrag gelewer oor *Die huidige staat van historiese navorsing in Suid-Afrika* waarin hy enersyds die reg op 'n eie Afrikaanse geskiedbeeld beklemtoon het, maar terselfdertyd daarop aangedring het dat dit net deur deeglike en verantwoorde navorsing gedoen moes word. Die historikus kan nie onsydig teenoor sy volk staan nie. Daarom moet die historikus die groot doel van sy werk nooit uit die oog verloor nie: "om eerlik na die Waarheid van die verlede te soek [en dit] suiwer [te] hou, maar dat ons dit in die midde van die volk moet doen. Ons moet ons historiese navorsing onder die volk indra. Die gees van die volk moet dit deurdring en dit moet saam met die volk in dieselfde kultuurbodem wortel."

Juis omdat dit uit reaksie ontwikkel het, het hierdie Afrikaanse vertolking van verlede-gebeure die gevaar geloop om na die ander kant toe uit perspektief gewring te word deur die Afrikaner se aandeel te oorbeklemtoon en buite verhouding tot werklikhede te stel.

Terwyl Thom gewaarsku het teen tendensieuse geskiedskrywing wat daarop gemik is om voorafgevormde standpunte in die geskiedenis te bewys eerder as om standpunte af te lei uit die bevindinge van navorsing, waardeur hy 'n groot bydrae gelewer het om 'n korrektief op bestaande kennis te skep, het hy terselfdertyd ander korrektiewe nie geidentifiseer nie. Dit is per slot van sake waarom die geskiedskrywing voortdurend ontwikkel. Heftige historiese debatte word uiteindelik oudmodies, maar korrektiewe word in die proses aangebring wat die kennis en verstaan van die verlede vorentoe neem. Dit is veral standpunte oor die Groot Trek en die Anglo-Boereoolog wat hy as eensydig getipeer het omdat dit net op Britse bronne en sendelingdokumente gebaseer was en nie die Hollandse koloniste se dokumente en standpunte in ag geneem het nie. Die werklikheid is dat dieselfde tendensieuese geskiedskrywing ontwikkel het ten opsigte van ander gemarginaliseerde groepe wie se verlede ervaring nog veel minder ontsluit was as die Afrikaner s'n.

Hoeveel aandag in die jare dertig tot sestig aan die geskiedenis van nie-wit groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing gegee? Daar is in hierdie tyd meer as waarvoor erkenning gegee word oor die geskiedenis van die Khoi en die San op Stellenbosch gedoen. Ongeveer ses MA-verhandelinge het spesifiek oor die Khoi gehandel terwyl PJ van der Merwe in sy werke heelwat aandag aan die San en die grenskonflikte gegee het. 'n Aantal tesisse en een proefskrif is oor verhoudinge op die oosgrens voltooi. Dit het waardevolle beskrywings van gebeure nagelaat sonder 'n verinnerlikte begrip van die ander se belewing wat vir die Afrikaner se geskiedenis opgeëis is. Dit het almal oor beleid eerder as oor interverhoudinge gehandel, wat die belangrike gebrek in hierdie studies was. In hierdie tyd was dit ook aan meerdere universiteite in Suid-Afrika die gebruik dat studies oor nie-literêre samelewings deur Volkekunde of Antropologie onderneem is. Daar is heelwat ongepubliseerde tesisse en proefskrifte op Stellenbosch oor die geskiedenis van swart leiers en kulture geskryf. Die departement Geskiedenis sou in die jare sestig self met soortgelyke studies begin.

Die departement het sy tweede produktiefste tydperk in nagraadse studie in die laaste dekade van Thom se betrokkenheid gelewer. Tussen 1945 en 1955 12 doktorsgrade en 21 MA-grade toegeken. Die mees produktiewe tydperk was die laaste dekade voordat die departement se personeel deur drastiese personeelbesnoeiing met 70% verminder is. Tussen 1985 en 1995 het die departement 10 doktorsgrade en 42 MA-grade toegeken.

## 4. Verstarring en vernuwing

Die tydperk ná Thom en Wiid is oorheers deur een van die mees ironiese fases in die departement se geskiedenis. Dit was die tydperk waarin P J van der Merwe die professoraat waarop hy so lank moes wag, in 1955 gekry het en dat die jong Dirk Kotzé in 1959 as professor in die Algemene Geskiedenis aangestel is.

Die ironie is dat Van der Merwe, wat soveel opspraak met sy eerste publikasies verwek het en die indruk geskep het dat hier ‘n nuwe krag in die Afrikaanse geskiedskrwying na vore tree, verstar het en die vak in ‘n doodloopstraat gestuur het. Dit was die jong Kotzé, vars uit Nederland, wat in die Algemene Geskiedenis die verstarring wat Wiid daar geskep het, beëindig het deur vernuwing terwyl die Suid-Afrikaanse en tereotiese geskiedenis vasgeval het. Van der Merwe, wat saam met CFJ Muller graag as die enigste twee internasionaal-erkende Afrikaanse historici beskou word, se vaknalatenskap in terme van onderrig het veel minder betekenis as sy drie boeke oor die pioniersgeskiedenis van die Noordweste.

Petrus Johannes van der Merwe (2.12.1912-14.9.1979) het in 1928 op Griekwastad gematrikuleer en was ‘n briljante voorgraadse student. Reeds met sy MA-tesis oor *Die geskiedenis van die trekboer onder die Oos-Indiese Kompanjie*, het hy sy belangstelling in die rol van pioniersgroepe op die voorposte van Suid-Afrika bevestig. Soos die geval was met Thom, het sy jeugwêreld vir hom ‘n besondere betekenis gehad en het hy sy belangstelling in die Noordweste, waar sy vader eers op die plaas Waterboersdam en later Reliance in die distrik Griekwastad geboer het, juis ontwikkel omdat hy hom met dié landstreek en sy mense, met hulle pioniershartstogte, verbind gevoel het.

Die feit dat Van der Merwe in die Noordweste groot geword het, het meegebring dat Blommaert se belangstelling hom aangetrek het. Sy boek oor die trekboer is aan Blommaert opgedra en hy gee erkenning daaraan dat dit hy was wat hom tot hierdie studie geïnspireer het. Dit was ook die tydperk van die intense aandag aan die armblanke-vraagstuk wat verskillende menings oor die oorsaak daarvan laat ontstaan het. Een was die sielkundige standpunt wat die armblanke-vraagstuk aan ‘n defaitistiese lewenshouding toegeskryf het: mense het net nie meer omgegee wat van hulle word nie en het geen begrip van en wil tot vooruitgang gehad nie. Ander het die gebrek aan onderwysgeleenthede beklemtoon en nog ander die gebrek aan grond om ‘n bestaan te kan maak. Macmillan se standpunt dat armoede onder die swartbevolking uit die geskiedenis verklaar moes word as die gevolg van verdrywing, onderdrukking, diskriminasie en verlies van grond, het ook reaksie van historici uitgelok. Daar is

op Stellenbosch heelwat besprekings oor die armblanke-vraagstuk gehou wat Van der Merwe geïnteresseer het en by hom die gedagte versterk het om die historiese oorsprong van die verskynsel te probeer nagaan deur ‘n feitelike ondersoek na die ontwikkeling van die lewenswyse van die mense op die voorposte te onderneem. Daarom het hy besluit om by die ontstaan van die veeboere en die trekboere te begin.

Van der Merwe se uitgangspunt was dat die ontstaan van die trekboere ‘n proses van spontane kolonisasie was wat nie van owerheidskant aangemoedig is nie. Hy het bepaalde parallelle met die Amerikaanse weswaartse beweging erken, wat later tot ‘n debat sou lei in hoe ‘n mate hy hom deur die Amerikaanse historikus CF Turner laat lei het oor die bepalende invloed van die pioniersmentaliteit in die Amerikaanse grensgeskiedenis. Van der Merwe het nooit in sy kursusse oor die geskiedenis van die Amerikaanse kolonies na Turner verwys nie, en daar is algemeen aanvaar dat hy nie daaraan enige besondere waarde geheg het nie. Colin Rhys Lovell, ‘n Amerikaanse historikus wat goeie Afrikaanse briewe kon skryf, het in 1955 tydens ‘n besoek aan Stellenbosch ‘n lang gesprek met Van der Merwe gehad oor die ooreenkoms in die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse trekgeskiedenis. FA van Jaarsveld het, na ‘n besoek aan die VSA in 1966, in dieselfde trant aan hom geskryf het. Van Jaarsveld het gevra dat Van der Merwe sy trilogie tot een band verwerk wat dan in Engels gepubliseer kon word wat sy visie as die Turner van Suid-Afrika internasionaal bekend sou stel. Van der Merwe het te kenne gegee dat hy dit ernstig sal oorweeg maar dat die las van massas materiaal hom vaspen. Hy het egter nooit besondere blyke gegee van ‘n belangstelling om die Amerikaanse parallel te ontwikkel nie.

Hy het reeds in sy MA-tesis aan wat hy die sielkundige faktor van ‘n trekgees noem, aandag gegee. Sy doktorale proefskrif het weer aan die belangrikste weerstandsfaktore teen uitbreiding aandag gegee, naamlik die rol van die San en die Griekwas en die invloed van droogtes, sprinkane en trekbokke asook die grondtoekenningsbeleid van die owerheid. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die leningplaasstelsel ‘n spontane ontwikkeling was en geen noemenswaardige verklaring bied vir die geringe gehegtheid wat die trekboere aan grondbesit as sodanig getoon het nie. Dit was hulle begeerte om ‘n onafhanklike bestaan te voer en selfstandig te boer, en die roofbou en agteruitgang van weivelde wat dit tot gevolg gehad wat die ontstaan van ‘n trekgees verder aangewakker het. Daarom was grond die hoofoorsaak van konflik met inheemse groepe, nie veediefstal nie.

Hierdie konflik was ‘n tema wat hom besonder geinteresseer het en ten opsigte waarvan hy gepoog het om sowel Theal as Macmillan te korrigeer. Theal in soverre hy die mededinging om die besit van vee as die hooffaktor in die stryd beoordeel het, en Macmillan, wat na sy oordeel korrek was om die belangrikheid van grond te beklemtoon, maar wat in dié proses die werklike verloop van die konflik verkeerd voorgestel het. Daarom het hy in sy doktorale proefskrif in soveel besonderhede op die San en die Griekwas se geskiedenis ingegaan en het hy skerp krities teenoor die beskrywings van reisigers soos John Barrow en die feitelike besonderhede van iemand soos John Philip gestaan. Oor die uitroeiing

van die San en die “gedwonge verslawing” van San as arbeiders, het Van der Merwe ‘n ander perspektief gestel as diegene wat hulle as blote rowers beskou het en ander wat die koloniste as die wrede moordenaars en uitbuiters van die San voorgestel het. Hy gaan in besonderhede in op dié verhouding en wys op die faktore wat dit ‘n eiesoortige verhouding van wedersydse aanvaarding én wantroue gemaak het. Van der Merwe het die besondere grondbesitstelsel van die San erken en die standpunt dat hulle nomade was wat geen afgebakende terrein as hulle jagveld beskou het nie, verwerp. Stockenstrom se pogings om ‘n grondgebied vir die San te reserveer, het hy as ‘n lofwaardige beleid beoordeel maar dan wys hy op die faktore wat dit haas onmoontlik gemaak het om dié beleid suksesvol uit te voer. Die trekboere, argumenteer hy, het waarskynlik die San se manier van terreinafbakening geken, maar die jagters nie. Ten opsigte van die trek na die Transoranje en die sendelinge se beskuldiging dat die boere die San verdryf het, sê Van der Merwe dat die besware van die sendelinge teen die trek oor die Oranje gegrond was, maar dat hulle gevolgtrekkings en stellings wat hulle op grond daarvan maak, nie met die werklike gebeure ooreenstem nie. “Die trekboere in die Transoranje het egter nooit probeer om die Boesmans van die grond wat hulle bewoon het, te verdrywe nie. Blykbaar het daar dan ook met die Boesmans geen botsing oor grond plaasgevind nie. Nes in die Kolonie het die boere die Boesmans probeer bevriend deur vir hulle te jag en vir hulle vee te gee. In bepaalde gevalle het die trekboere selfs formeel grond van die Boesmans “geruil.”[2]

Oor die rol van die Griekwas skets Van der Merwe hulle vestiging as kontemporêr aan dié van die trekboere en wys hy op die wreedhede wat hulle ten op sigte van die San en die swart inwoners gepleeg het. Hy beklemtoon dat die stryd om grondbesit in die Transoranje ‘n stryd tussen die Griekwas en die boere geword het, wat nie een op ‘n historiese besitreg kon aanspraak maak nie. Die lydende party was die Boesmans: “Die Koloniale Regering was nie bereid om op so ‘n besliste manier in te gryp as wat nodig was om die Boesmans in hulle grondbesit te beskerm nie. Al wat die Regering gedoen het, was om sy invloed te gebruik om te belet dat die Griekwas en die trekkers veg oor wat aan geen van beide partye behoort het nie, maar wat die Boesmans te swak was om te behou.”[3]

In sy doktorale proefskrif het Van der Merwe gewys op die probleme om tussen die trekboere en die deelnemers aan die Groot Trek te onderskei, hoewel hy beklemtoon het dat die twee bewegings definitief onderskei moet word.[4] Hy wys op die wisselwerking wat hierdie verwarring veroorsaak. Trekboere het by die Groot Trek aangesluit en deelnemers aan die Groot Trek het hulle uiteindelik onder die trekboere gaan vestig. Hy wys daarop dat terwyl daar tussen 1821 en 1836 maar tientalle trekboere hulle in die Transoranje gevestig het, daar tussen 1836 en 1842 honderde lojale trekboere vir goed in die Transoranje agtergebly

[2] PJ van der Merwe: *Die Noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770-1842),* pp. 260-261 (Van Stockum, Den Haag, 1937).
[3] Ibid., p. 278.
[4] Ibid., p. 381.

het. Die groep wat tussen 1836 en 1840 die Kolonie verlaat het, was die kern van die Groot Trek wat om spesifieke redes van ontevredenheid met die toestand waarin hulle hulle bevind het, getrek het, nie omdat hulle in die eerste plek grond wou hê nie. Daarom verwerp Van der Merwe die standpunt dat die Groot Trek 'n grondhonger beweging en niks anders was nie. Tussen 1836 en 1840 sê hy, vloei daar twee emigrasiestrome na die noorde. Teen 1840 het die kerngroep wat om redes van ontevredenheid getrek het, die deelnemers aan die Groot Trek, reeds die Kolonie verlaat. Die emigrasie het egter voortgeduur sodat die Groot Trek, wat die trekboermigrasies na die Transoranje gemotiveer het, uiteindelik doodgeloop het in die groter eksodus van emigrante wat om dieselfde redes getrek het "as gevolg van dieselfde goeie redes, wat van die eerste begin af tot in die allernuutste tyd 'n geleidelike vloei van die bevolking uit streke van ouer vestiging na streke van nuwe vestiging veroorsaak het."[5]

Terwyl sy proefskrif op argivale navorsing en weinig veldwerk gebaseer was, het hy in die laat jare dertig en vroeë veertigs op intensiewe persoonlike besoeke aan die gebied vertrek waar hy ter plaatse die omstandighede en die lewenswyse van die nageslag van die trekboere bestudeer het en 'n uitgebreide reeks onderhoude vir mondelinge bronne gevoer het. Hy het meer as 15000 myl per motor afgelê en in belangrike opsigte meer aandag aan die saak gegee as die lede van die Carnegie-Kommissie wat die armblankevraagstuk ondersoek het. Jag as bestaanswyse, die invloed van 'n reeks geografiese faktore en die sielkundige motivering van mense waarvan die wortels in sy historiese studie vir sy uitgebreide MA geleë is, het in die derde deel van sy trilogie die sentrale tema geword. Uiteindelik, sonder dat Van der Merwe dit in soveel woorde formuleer want hy het 'n broertjie dood gehad aan veralgemenings en sou ernstig beswaar hê teen hierdie formulering, bring sy studie hom by die vraag: is die trekgees 'n kenmerk van die Afrikaner en verteenwoordig dit 'n sekere ongedurigheid en 'n sielkundige teken van onstabiliteit by die Afrikaner? Hy erken die bestaan van 'n trekgees, maar beklemtoon dat dit 'n individuele saak is waaroor moeilik veralgemeen kan word. Hy haal 'n aantal voorbeelde uit sy veldwerk in die Noordweste aan van mense wat erken het dat trek in hulle bloed was en dat hulle net nie te lank op een plek kon bly boer nie. Maar sy antwoord op die vraag is reguit: " .. die trekgees [is] 'n algemeen menslike eienskap ......wat oral in die wêreld en te alle tye aangetref kan word. Dit is hoegenaamd nie 'n spesifiek Afrikaanse eienskap nie."[6]

Die trilogie het 'n oorweldigend gunstige ontvangs uit sowel nasionale as internasionale akademiese geledere en van gewone mense gekry. In sy dokumente-versameling in die staatsargief in Kaapstad is daar 'n aantal briewe van mense wat dank betuig dat hy aan die "geminagte" en "agterlike" Boesmanlanders 'n historiese gesig gegee het wat mense met nuwe belangstelling en waardering na hulle laat kyk het. LM Thompson, wat blykbaar eers op 'n later stadium met die boeke kennis gemaak het, was so beindruk dat hy Van der Merwe gevra het om medewerker (contributor) van 'n nuwe

[5] Ibid., p. 378.
[6] PJ van der Merwe: *Trek* , p. 285. (Nasionale Pers, Kaapstad, 1943).

vaktydskrif te word wat hulle besig was om in Amerika op die been te bring: “Please note that the *Review* is not intended to take a partisan line in SA politics”, het hy Van der Merwe verseker. Dit sou “a serious gap” wees “if Afrikaner historical scholarship was not steadily represented”. Dit is onbekend wat Van der Merwe se antwoord was, maar hy was nooit ‘n medewerker van enige buitelandse tydskrif nie. Dit het heelwat moeite gekos om hom een van die gereelde ‘n kronieke vir die Nederlandse tydskrif van Van Winter te laat skryf. WK Hancock het die studie oor die trekboer as “in the very first class” beoordeel, maar tog daarop gewys dat dit, anders as die parallelle wat ander met die Turner-tese beklemtoon het, nie die voorposte is wat bepalend was vir die Afrikaner se geskiedenis nie, maar die stabiele streke van die Boland.

Van der Merwe sou die res van sy akademiese navorsing aan die pioniersgeskiedenis wy, maar in net een ander publikasie, wat tussenin verskyn het, ook aan die trekverskynsel as sodanig aandag gegee. Dit is nie deel van sy erkende trilogie nie, maar tog ‘n afsluiting daarvan hoewel dit voor *Trek* verskyn het. Op sy besondere onemosionele manier verteenwoordig die bundel opstelle sy huldiging aan die pioniers. Die boek is dan ook opgedra aan die boere van die Noordweste “aan wie ek soveel dank verskuldig is vir hul vriendelikheid, inligting en koffie.” Hy wou daarmee die Noordweste en sy besondere mense met hulle eiesoortige lewenswyse wyer bekend stel, wat inderdaad gebeur het want die boek het ‘n paar herdrukke beleef. Maar hy wou ook iets meer gee: “wie weet watter plesier kan ek miskien een of ander historikus wat oor honderd jaar die geskiedenis van daardie wêreld wil skrywe, met hierdie paar sketse doen.” Hierdie persoonlike element sou nie weer in sy werk na vore tree nie. Trouens sy studente en kollegas sou dit uiters moeilik vind om hom oor homself en sy werk en vakideale te laat praat. Daar het ‘n stramheid ingetree wat in belangrike opsigte tot verstarring gelei het.

Die feit dat hy drie groot projekte waarmee hy besig was – die geskiedenis van die Griekwas, die geskiedenis van die Noordweste en die geskiedenis van Afrikaner-pioniers in Rhodesië – nooit kon voltooi nie, het by hom ‘n gefrustreerdheid geskep wat deurgewerk in sy onderrig. Hy was vir geen vernuwing te vinde nie. Twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis mog nie gedoseer word nie omdat die argivale bronne nog gesluit is. Belangrike nuwe studies soos LM Thompson se werk en die Oxford-history is nooit deur kritiese bespreking aan die studente bekend gestel nie. In die Teoretiese Geskiedenis het hy volstaan met sy notas uit die jare dertig en al die ontwikkelinge in filosofie en historiografie sedertdien geignoreer. Hy het deur sy optrede studente vervreem sodat hy in sy hele loobaan net twee doktorale studies onder sy leiding voltooi is. Dit terwyl sy jonger kollega, wat eintlik Internasionale Geskiedenis gedoseer het, groot getalle getrek het. Tussen 1959 en 1985 is 12 doktorale studies onder Kotzé se leiding voltooi. Die meeste van hulle het later professore aan universiteite geword, soos met Thom die geval was.

Dirk Jacobus Kotzé (19.12.1927 -12.3.1992) was ook ‘n plattelandse seun uit die distrik Piketberg. Hy het in 1947 sy BA met hoofvakke Geskiedenis en Filosofie verwerf. Van Februarie 1954 tot Junie 1956 was hy in Amsterdam waar hy aan

die Vrye en Gemeentelike Universiteite gestudeer het en het hy ook studie in Bonn en Wes-Berlyn onderneem.

Hy het nuwe inhoud en betekenis aan die voorgraadse kursus in Algemene Geskiedenis gegee deur te konsentreer op kritiese vrae oor die interpretasies wat aan historiese ontwikkelinge gegee word. In Nederland het hy die geleentheid gehad om sy aandag op 'n studie van die sosialisme toe te spits wat hy reeds met sy eerste honneurskursus benut het deur in te gaan op die vraag of die sosialisme wel daarop aanspraak kan maak dat dit 'n veel ouer benadering tot die hantering van sosiaal-ekonomiese toestande verteenwoordig as die kapitalisme. Dit sou hom uiteindelik lei tot sy navorsingsgebied: sosialisme en nasionalisme as historiese faktore.

Kotzé het in 'n aantal opsigte 'n besondere teenstelling tot sy kollega Van der Merwe verteenwoordig. Hy het hom meer op die belangrike vraagstukke en verskynsels in die geskiedenis toegespits as op enkele gebeure. Idees, denke en standpunte eerder as die blote feitelikhede het hom geinteresseer. Hy was eerder vraagstellend in sy benadering as pynlik metodologies. Hy het meer waarde aan die filosofiese dispute oor die moontlikhede en die kenmerke asook implikasies van die historiese kennisveld geheg. Hy het nie van sy studente vereis dat hulle in die eerste plek die korrekte kronologiese verloop van die geskiedenis moes bemeester nie, maar die kragte en magte wat in gebeure en samelewings en by mense werksaam was. Sy aanbieding was illustratief – die historiese verhaal illustreer iets van die mens se omgang met gebeure. Daarom het verklaring en oorsaaklikheid vir hom belangrik geword en het hy heelwat aandag aan die ontwikkeling van verbande tussen gebeure en verskynsels geheg. Teenoor Van der Merwe se skeptisisme oor die kenteoretiese en veral syns- en sinprobleme (Van der Merwe het dit afgemaak as spekulasies) in die geskiedfilosofie, het Kotzé dit as belangrik beskou dat die studente kennis moes maak met die denke in en oor die vak. Die gebruik van vooraf beskikbare getikte klasnotas, wat Van der Merwe nooit wou gebruik nie, het in sy onderrig belangrik geword. Lesings moes aan bespreking van vrae van verstaan en interpretasie gewy word, nie aan die afskryf van gedikteerde notas nie. Die hoe en die waarom vrae het deel van sy klasse geword eerder as die wat. Hy het die aandag aan konstitusionele geskiedenis voortgesit maar weggebreek van die geykte Britse en dominiale geskiedenis en op moderne grondwette van veral die VSA, die Sowjet-Unie en die kommunistiese lande gekonsentreer.

Kotzé het hom dit ten doel gestel om oor sowel die Marxisme/sosialisme/kommunisme as nasionalisme 'n reeks van vier studies elk te publiseer. Dit het nie so gerealiseer nie, maar aan beide het hy uitgebreide aandag gegee en die twee gebiede uiteindelik bymekaar gebring met sy aandag aan die relatiewe verhouding tussen kommunisme en sosialisme. Hy het talle artikels oor hierdie onderwerpe in sowel die meer populêre joernale en koerante as in vaktydskrifte gelewer.

Sy studie van Marx en die sosialisme aan die *Instituut voor Sociale Geschiedenis* in Amsterdam het die grondslag gelê vir sy beoogde vierdelige studie oor

kommunisme. Deel 1 sou oor die Klassieke Marxisme handel, deel 2 oor die sosiaal-demokratiese beweging, deel 3 oor die kommunisme in die praktyk en deel 4 oor die kommunisme as magsfaktor in die wêreld. Deel een het wel so in 1965 verskyn.[7] Aspekte van die oorblywende temas het wel in ander studies[8] verskyn of is ingewerk by sy studies oor nasionalisme.

Die studie oor die Klassieke Marxisme bespreek Marx se sieninge in ‘n oorvereenvoudigde vorm aan die hand van ‘n aantal sleutelvrae. Hoe vind ontwikkeling, volgens Marx, in die menslike samelewing plaas? Hoe sien die Europese samelewing daaruit? Waarheen ontwikkel dié samelewing? Hoe kan die eindbestemming verwesenlik word? Die vraag of Marx se denke primêr in terme van sy filosofie, sy ekonomiese teorieë of sy geskiedbeskouing verstaan moes word, word net ligweg aangeraak.

Kotzé was die inisieërder van die stigting van ‘n Instituut vir die Studie van Marxisme in die departement Geskiedenis. Hy was van 1 April 1980 deeltydse direkteur van die Instituut met een voltydse navorser en ‘n dokumentasiebeampte wat vir die opbou van ‘n biblioteek en dokumentasiesentrum oor Marxisme verantwoordelik was. Die Instituut het hom ten doel gestel om deur studie en navorsing voorligting oor die aard en hantering van kommunisme te verskaf. Daarom het die ander twee werke oor die kommunisme minder op die ontleding van die aard van die beweging en ideologie gekonsentreer en meer op die politieke uitdrukkingsvorme wat dit in die wêreld van die Koue Oorlog aangeneem het. Dit het hom uiteindelik gelei tot die vraag oor die gestaltes waarin die kommunisme in Suid-Afrika uitdrukking vind, waarom mense tot die kommunisme aangetrokke voel en hoe dit bestry moet word. Kotzé het daarmee sterker aansluiting by die politieke debatte van die dag gevind en het probeer om die waarde van die Instituut vir Suid-Afrika op hierdie wyse te demonstreer. Na sy uittrede het die Instituut sy klem verskuif na meer politieke studies en veral oor die vraag of Suid-Afrika en die Sowjet-Unie ‘n beter verstandhouding kan ontwikkel. Die klem is verskuif van die ideologiese verskille na die politieke magswerklikhede van die Reagan-Gorbatsjof periode.

Sy werke oor nasionalisme het vir hom erkenning gebring. Hy het daarvoor sowel die Tafelberg-Uitgewersprys vir Wetenskaplike Prosa (1970) en die Stalsprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1974) ontvang. Dit is ‘n vergelykende studie waarin ‘n groot verskeidenheid nasionalistiese bewegings van oor die hele wêreld betrek word. Afrika kry besondere aandag en nasionalisme in Suid-Afrika word ingeweef by die ander. Kotzé neem as vertrekpunt dat nasionalisme primêr met die strewe na onafhanklikheid en die beskikking oor ‘n eie staat te doen het. Hoewel hy aan die etnisiteitsfaktor aandag gee, het dit nie sy siening van nasionalisme bepaal nie. Die ontbrekende volume van die vierdelige studie sou juis oor nasionalisme in multi-etniese of

[7] DJ Kotzé: *Die Kommunisme 1 (Die Klassieke Marxisme).* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1965).

[8] *Soeklig op Kommunisme.* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1972); *Kommunisme vandag.* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1977); *South Africa and Communism* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1979).

multikulturele state gehandel het. Hy het uitgebreid aan die bestaande literatuur oor nasionalisme aandag gegee, maar hom nie deur beperkende konsepte of teoretiese verklarings laat domineer nie. Die werke is sterk beskrywend van aard en op grond van daardie beskrywing word verskillende verskyningsvorms van nasionalsime en verskillende kenmerke geidentifiseer. In deel 1[9] word die benadering van die Klassieke Marxisme boek gevolg deur aan die hand van ‘n aantal sleutelvrae na die empiriese gegewens te kyk. Wat veroorsaak dat nasionalistiese bewegings ontstaan? Hier word op twee hoofkategorieë gelet naamlik verset teen oorheersing of ‘n roepingsbesef wat daartoe lei dat state of groepe vir hulle ‘n spesiale taak toeëien. Hoe word nasionalisme gekweek of opgewek? n Reeks faktore wat hierin ‘n rol speel, waaronder die aanwending van geskiedenis, musiek, letterkunde, godsdiens ens., word toegelig. Wie neem die leiding? Kotzé wys daarop dat hieroor geen veralgemenings gemaak kan word nie, omdat die leierskap uit ‘n verskeidenheid agtergronde kom. Hy vestig wel die aandag op die besondere rol van intellektuele wat heel dikwels goed opgelei is in die land teen wie se gesag hulle die verset lei. Hoe word staatkundige onafhanklikheid verkry? Die twee wyses wat die algemeenste voorkom, is rewolusie of geweld en konstitusionele middele. Hoe het die bestaande gesag teenoor nasionalisme opgetree? Hy kontrasteer die akkommoderende optrede wat tot ‘n politieke evolusie lei en die onderdrukkende maatreëls wat in bepaalde gevalle slaag en in ander gevalle die verset verhewig. Afrika se onafhanklikheidsbewegings kry heelwat aandag in die boek. Wat nie bespreek word nie, is die vraag of dit werklik nasionalistiese bewegings verteenwoordig soos dit graag populêr voorgestel word, en of dit nie eerder magsbewegings is wat die vreemde oorheersende mag deur ‘n ander oorheersende mag vervang wat nòg patriotisme nòg etniese gemeenskaplikheid as bindende faktore het. Die vraag of nasionalisme en anti-imperialisme en anti-kolonialisme inherent noodwendig dieselfde ding is, het onbeantwoord gebly.

Deel 2 het ‘n kronologiese struktuur en hanteer die ontwikkeling van nasionalistiese bewegings in verskillende tydperke tot by die anti-kolonialistiese bewegings in Afrika en Asië en die ontstaan van ‘n Afro-Asiatiese solidariteitsstrewe. Vier besondere vorme van nasionalisme kry afsonderlik aandag: Sionisme, Pan-Slawisme, Pan-Arabisme en Pan-Afrikanisme. Dit is ‘n werk van ensiklopediese omvang in die wye terrein wat dit bestryk en die verskeidenheid gebeure en soorte nasionalismes wat dit betrek

Deel 3 vorm die saamtrekpunt van Kotzé se studie van die kommunisme en van nasionalisme. In die lig van Marx se standpunt dat nasionalisme die geprojekteerde eiebelang van die heersende klas is en dat proletariese internasionalisme vir die werkersklas belangriker is as nasionale eenheid, ondersoek Kotzé die vraag wat die Marxistiese bewegings in die geskiedenis van hierdie uitgangspunt gemaak het. Marx en Engels het die reg op vrywording van onderhorige state erken en was sterk gekant teen kolonialisme of imperialisme in enige vorm. In die Oostenryk-Hongaarse Ryk, waar kommuniste aan die leiding van die verset gestaan het, het nasionalistiese idees sterk aanhang onder hulle

[9] DJ Kotzé: *Nasionalisme. ‘n Vergelykende Studie.* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1969).

gehad. Dit het die dualisme van die Marxisme onderstreep waaraan Kotzé indringende aandag gee. Lenin, wat die strategie van rewolusie ontwikkel het, moes die selfbeskikkingsreg van nasies en die kosmopolitanisme van die werkersklas versoen. Hy het dit probeer doen deur die rol van die party as internasionale kosmopolitiese beweging te beklemtoon. Hy het dan ook die vryheidsbewegings in koloniale gebiede nie as nasionalistiese bewegings in eie reg beskou nie, maar as middele om die kapitalisme te vernietig. Lenin het beklemtoon dat die proletariaat nie nasionalistiese belange bó dié van die internasionale proletariaat mag stel nie. Ten einde die ontevrede minderhede in tsaristiese Rusland te mobiliseer vir die rewolusie, is die gedagte ontwikkel dat hulle wel binne die kommunistiese staat selfbeskikking mag kry, maar dat dit altyd ‘n gekontroleerde selfbeskikking moes wees wat nooit teen die heilstaat van die werkers gebruik mag word nie.

In die Sowjet-Unie het Stalin die praktyk van hierdie gedagte so uitgewerk dat ‘n sentralistiese staat onder beheer van die party tot stand gekom het wat die selfbeskikking van die lidstate van die federasie kon beheer in belang van die ideologie. Die toepassing daarvan in Oos-Europa met sy nasionalistiese tradisies binne die kommunistiese beweging, word ondersoek aan die hand van veral Tito se optrede. Die implikasie van die konsep van verskillende weë na die kommunisme vir die ontluikende bewegings in Afrika en AsIë met hulle strewe na onafhanklikheid as eerste voorkeur, word as ‘n besondere probleem vir die Kremlin en die Kommunistiese Internasionaal toegelig. Dit skep spanning tussen die verskillende kommunistiese beskouings wat die pan-nasionalistiese bewegings en die rassebewustheid van die Afrika en Asiatiese state as handige instrumente, maar ook as romantiese kleinburgerlike afwykings, beskou. Die breuk tussen die Sowjet-Unie en die kommunistiese regering in China word ook met hierdie saak in verband gebring juis omdat hulle die moontlikhede om die bevrydingsbewegings vir die bevordering van hulle eie invloed te gebruik, verteenwoordig.

Kommunisme en nasionalisme, so bevind Kotzé, toon bepaalde ooreenkomste maar sluit mekaar teoreties uit. Die twee beskou mekaar wedersyds as die grootste vyand.

Daarom lê Kotzé in sy ander studies oor die kommunisme, in besonder die kommunisme in Suid-Afrika, klem daarop dat die beste wapen om kommunisme te beveg nasionalisme is. Maar dan moet dit ‘n positiewe nasionalisme wees. Hieraan gee Kotzé in ‘n klein werkie besondere aandag wat veral oor Afrikanernasionalisme handel. Die werk het verskyn voordat enige dele van sy groter studies oor nasionalisme voltooi was, maar hy was toe reeds etlike jare met die groter studie besig. Dit was ook bedoel om sy persoonlike standpunt te ontwikkel in sy rol as aktiewe medewerker van kultuurverenigings en as ‘n poging om Afrikanernasionalisme vir die gewone publiek te vertolk. Daarom moet dit saamgelees word met twee ander boeke oor die tema wat in dié tyd aandag geniet het: NP van Wyk se boek oor liberale nasionalisme waarin hy die standpunt gestel het dat nasionalisme wat op magsbruik gebaseer is, in hom die

kiem van sy eie onderagng dra, en Jan Rabie wat die voorwaardes bespreek vir ‘n eie nasionale bestaan in ‘n wêreldstaat.

Die werk is ‘n kernagtige uiteensetting van ideaaltipiese nasionalismes in die wêreld en hulle betekenis vir Afrikanernasionalisme. In dié proses teken Kotzë die tipiese eienskappe van wat hy as die kernwaardes van Afrikanernasionalisme beskou. Dit laat egter deurgaans die gevoel dat die wens vader van die feit is, want in belangrike opsigte was die werklikhede van Afrikaneridentiteit veel ingewikkelder as wat Kotzé dit geskets het.

### 5. In die voetspore van Blommaert en Hancock

Soos die einde van die Wiid-era tot belangrike vernuwing in die Internasionale Geskiedenis gelei het, het die einde van die Van der Merwe-era tot grootskaalse vernuwing in die onderrig van Suid-Afrikaanse geskiedenis gelei. ‘n Oudstudent van die departement Dirk Jacobus (Diko) van Zyl (10.6.1941-), wat in die ekonomiese geskiedenis en die geskiedenis van die Wes-Kaap gespesialiseer het, is in 1978 as professor aangestel. Hy sou terugkeer na Blommaert se klem, in navolging van Pirenne, op die belangrikheid van ekonomiese geskiedenis. Onwetend het hy ook in die voetsptroe van Hancock gevolg. Hancock was die enigste persoon wat in sy kritiek op Van der Merwe se werke daarop gewys het dat die pioniers in die geskiedenis minder belangrik is as die gevestigdes wat stadig maar seker hulle wortels dieper in die aarde plant en daarom op die langtermyn ‘n groter invloed as stabiliserende faktor uitoefen as die pioniers. Dit is op hierdie gevestigde bevolkiing van die Wes-Kaap, in besonder die graan- en wynboere en die opkomende ontwikkellende groep leiers van die streek, dat hy sy aandag toegespits het. In sy studies oor die graan- en wynbedryf het hy nie net aan produksie- en bemarkingsfaktore nie maar ook aan landboukundige faktore, soos die invloed van plantsiektes, aandag gegee.

Met die groei van die universiteit sedert die jare sestig het ook die personeel van die departement gegroei sodat ander personeellede ook belangrike bydraes tot die ontwikkeling van navorsing gelewer het. Dr Bun Booyens het in sy navorsing aan kerklike-godsdienstige en kultuurfaktore besondetre aandag gegee. Ernst Stals het hom op die geskiedenis van Namibië toegelê en belangrike werk oor die aanraking tussen blank en Ovambo gelewer. Herman Gilliomee het hom op die studie van grensverhoudinge toegespits en veral begin om Amerikaanse interpretasies van die rol van die verskuiwende grens as 'n oop ontmoetingsplek op die Suid-Afrikaanse geskiedenis toe te pas. Jan Visagie het hom op die oosgrensboere en die Khoi op die oosgrens toegespits en waardevolle studies oor mindere figure en oor die genealogie van die Voortrekkers gelewer. Fanie de Jongh het die biografiese studie van leeirsfigure uit die Groot Trek waarmee Thom begin het, voortgesit met sy biografieë oor Erasmus Smit en Sarel Cilliers waarin hy hulle in hulle menslikheid teken eerder as heroeiese figure. Johan Bergh het hom op grensverhoudinge vanuit die perspektief van toenemende ingryping van die Christelike invloed onder die AmaXhosa toegespits en Gerrit Pool op die geskiedenis van Namibie, in besonder op die Herero.

Die inhoud van die kursusse in Suid-Afrikaanse geskiedenis is aansienlik uitgebrei en verruim. Van Zyl het twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis volledig deel van die kursus gemaak. ‘n Spesiale afdeling vir Afrika-geskiedenis is ingestel met besondere toespitsing op suidelike Afrika. Die oefening in navorsing deur die praktikums het veel sterker op die interpretasie van idees, beleide, waardes en houdings geval sonder om die basiese waarde van die historiese kritiek se evaluering van die gebruik van egte oorspronklike bronne prys te gee. Rasseverhoudinge en rassepolitiek het veel meer aandag gekry en die studie van swart politieke bewegings is in die kursusse opgeneem.

Van Zyl het as historikus standpunte gestel oor aktuele historiese kwessies[10] en ‘n leidende rol in die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, waarvan hy in 1987 die President was, gespeel. Die departement het aktief aan interuniversitêre besprekings deelgeneem en Van Zyl het in ‘n aantal komitees gedien van projekte wat deur ander universiteite onderneem is. So was hy deel van die paneel van die RAU se projek oor die geskiedenis van Afrikaners op die Witwatersrand, lid van die komitee van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit en eksterne eksaminator vir Wes-Kaapland, Zoeloeland en die RAU.

Seminaarklasse het ‘n nuwe inhoud gekry. Die feitelike rekonstruksie van gebeure was nie meer ‘n doel op sigself nie, maar ‘n middel om die toeligting van magte en kragte, faktore en bepalende idees en invloede te ontleed. Die honneurskursus is van drie na vyf vraestelle en ‘n volwaardige navorsingsopdrag uitgebrei. Die metodologiese denke van die vak het sterker onder die invloed van Amerikaanse ontwikkelinge gekom, en die teoretiese aspekte het ‘n deegliker studie van die historiografie, en veral die verskillende skole in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, ingesluit.

Departementele navorsingsprojekte, wat rondom die betrek van nagraadse navorsingstudente gebou is, het aandag gekry. Van Zyl se belangstelling in die ekonomiese geskiedenis van die Wes-Kaap, in besonder die landbou, en sy kontak met die *Institute for Agricultural History* van die Universiteit van Reading in Engeland, het gelei tot ‘n aantal projekte oor die geskiedenis van die wyn en vrugtebedryf in die Wes-Kaap. Danksy ‘n toekenning van die Sagtevrugteraad is ‘n aantal meesters en doktorale studies oor laasgenoemde onderneem. Die departement Landbou-Ekonomie aan die universiteit is as deelnemer aan van hierdie studies betrek.  Oor die geskiedenis van die wynbou is verskillende artikels gepubliseer. Van Zyl is ook deur die KWV gevra om die geskiedenis van hierdie besondere onderneming te skryf. Die rol van slawerny in die Wes-Kaapse ekonomiese ontwikkeling het aandag gekry. Die rol van die buiteposte in die Kaapse ekonomie tydens die VOC-tydperk, ‘n studie wat onder Kotzé se leiding begin is, is voltooi. Die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van

---

[10] DJ van Zyl: Geskiedenis as vak en wetenskap: nuwe uitdaginge (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 19, 1987, pp. 1-5); Geskiedenis en Ekonomie (*Historia* 27 (2), September 1982, pp. 3-20); Perspektiewe op die rol van Geskiedenis-institute op tersiêre vlak in Suid-Afrika (*Kronos* 8, 1984).

Amerikaanse sanksies teen Suid-Afrika en die geskiedenis van uraanverryking in Suid-Afrika is deur doktorale studente onder sy leiding nagevors. Om die terrein van die ekonomiese geskiedenis wyer te bestryk, is studies oor die mobilisering van die arbeidersbeweging tussen 1908 en 1924 en die mobilisering van Afrikaner kapitaal in die Wes-Kaap deur hom geïnisieer. Die militêre geskiedenis het ook aandag gekry met studies oor die oorloë op die noordgrens van die Kaapkolonie en oor die Kaapse Staandemag. Ten opsigte van politieke geskiedenis is resente onderwerpe betrek. Doktorale studente het byvoorbeeld oor TE Dönges en NC Havenga en oor die Raad van Verteenwoordigers as komponent van die driekamer parlementêre stelsel gewerk. In een jaar, 1987, het vyf doktorale studente hulle proefskrifte onder sy leiding oor van hierdie onderwerpe voltooi.

Dit was die tyd dat die radikale skool en die nuwe sosiale geskiedenis internasionaal en ook hier in Suid-Afrika mode geword het. Die geskiedenis van gewone mense soos dit in die Duitse *Alltagsgeschichte* uitdrukking gevind het, moes voorkeur kry. Die klem moes verskuif van die politieke en ekonomiese magsfigure na die geskiedenis van die sogenaamde onderklasse en die sosiale randfigure soos prostitute, gevangenes, bendes, smouse en ander. Die geskiedenis moes nie in terme van etnisiteit, kulturele waardes, intellektuele idees of politieke gebeure bestudeer word nie, maar in terme van die klassestryd ontleed word. Daarvoor moes verskillende, en soms strydende, teorieë van verskillende radikaal-revisionistiese skole oor die aard van klasseformasie gebruik word. Afrikaanse geskiedskrywing en navorsing, spesifiek ook op Stellenbosch, is veroordeel as irrelevant omdat dit deur politieke gedienstigheid en temas oorheers sou gewees het en nie tred gehou met hierdie modeverskynsels nie.[11] Daar is geëis dat "'n fundamentele paradigmatiese breuk" nodig is. Nie meer wat gebeur het, is belangrik nie maar vrae soos Wie besit wat? Wie kry wat? Wie doen wat aan wie? Wie doen wat vir wie? Wat is die skakel tussen wie wat doen en wie kry wat en hulle wat besit en beheer? Afrikaanse geskiedskrwying is as *bourgeois,* nasionalisties en neo-nasionalisties bestempel.

Van Zyl het beklemtoon dat daar altyd vernuwing in geskiedskrywing en geskiedbeoefening moet wees. Hy het die waarde van nuwe benaderings beklemtoon, maar ook gewys op die tipiese stormram eienskap van nuwe rigtings soos die radikale-revisionisme en sosiale geskiedenis wat daarop aanspraak maak dat hulle nie net 'n verruiming van die geskiedenisvisie verteenwoordig nie, maar die enigste geldige benadering tot die ontsluiting van die kompleksiteit van mense en gemeenskappe se historiese wordingsproses verteenwoordig. Die groot waarde van hierdie nuwe rigtings was die belangrike nuwe vrae wat hulle aan die orde gestel het en die wyse waarop bronne wat tot op daardie tydstip min benut is, gebruik kan word om ook verskynsels soos misdaad, klasseverdelings

[11] Albert Grundlingh: Sosiale Geskiedenis en die Dilemma van Afrikanergeskiedskrywing, (*Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 19 (1987), pp. 31-49); Politcs, Principles and problems of a Profession: Afrikaner Historians and their Discipline, c 1920-1965, *Perspectives in Education,* 12 (1), pp. 1-19.

en –belange, marginale sosiale en ekonomiese groepe en hulle lewenswyse te bestudeer. Die belangrike metodologiese beginsels van die bronnestudie geld egter ook vir hierdie studies en die eis dat die historikus hom van alle standpunte en sieninge moet vergewis en ‘n gebalanseerde beeld moet skep, bly die basiese kenmerk van die histories-kritiese metode.[12]

‘n Sleutelvraag waaromheen die debat gewentel het, was in hoe ‘n mate hierdie nuwe benaderinge wel aan die beginsel dat alle bronne en alle gesigspunte bestudeer moet word, voldoen, en in hoe ‘n mate hulle bronne selekteer om sekere aannames te illustreer. Nog ‘n sleutelvraag was: hoe verskil die sosiale geskiedenis van die lang gevestigde Europese tradisie om die geskiedenis van die sosiale en alledaagse lewe van gewone mense te beskryf waarvan voorbeelde ook ten opsigte van die lewe van Afrikaanse mense en groepe bestaan het?

## 6. Pasaangeër of irrelevant?

Die belangrikste gevolgtrekkings oor bogenoemde vraag kan soos volg aangedui word.

- Die geskiedenis van die departement Geskiedenis is ‘n illustrasie van hoe die studie van geskiedenis met die tyd verander en aangepas word om in twee behoeftes te voorsien. Die behoefte aan verantwoorde wetenskaplike kennis van die verlede in die lig van die samelewing se veranderende vrae aan die verlede en die behoefte om die betekenis van die veranderende historiese kennis en bewussyn vir die probleme van die dag te ondersoek.
- Hierdie veranderinge impliseer dat lojaliteit aan die basiese metodologiese beginsels van die dissipline wel herinterpreteer moet word, maar nie prysgegee mag word nie.
- Om sy rol as dissipline én openbare besit te vervul, moet die belangrike rol van die historiese narratief as die grondvorm, en die gewildste vorm van geskiedskrywing, erken word. Die gemeenskap wil in die eerste plek die verhaal verneem en is minder geinteresseerd in die teoretiese interpretasies wat daaraan gegee word. Op hierdie gebied het die departement se vrugbare werksaamheid oor 100 jaar ‘n belangrike bydrae gelewer. Die spreuk bly steeds waar: Die verhaal bly staan, die akademiese grepe vergaan.
- Die departement het ‘n pioniersrol vervul ten opsigte van die ontwikkeling van die wetenskaplike fase van die Afrikaanse geskiedskrywing. Deur deeglike navorsing en beskrywing van historiese gebeure en persone het hulle ‘n geskiedbeeld geskep wat groter erkenning aan die rol van die Afrikaner gegee het. Die departement het dit nie as sy primêre taak beskou om dit ten opsigte van ander bevolkingsgroepe te doen waar hy nie tot hulle taal en bronne toegang gehad het nie, maar het nie hulle geskiedenis verontagsaam of geminag nie. Twee van die elementêre vereistes van die wetenskaplike metodologie wat deur sy kontinentale grondleggers gevestig is, is dat vir geskiedskrywing ‘n goeie taalkennis en literêre bronne noodsaaklik is. PJ van

[12] DJ van Zyl: Geskiedenis as Vak en Wetenskap: Nuwe Uitdagings, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 19, 1987, pp. 1-5.

der Merwe se massale insameling van mondelinge oorlewering het veel bygedra tot sy studies van die trekboere, maar die basiese materiaal was steeds geskrewe bronne. Die feit dat die geskiedenis uit ‘n blanke perspektief benader is, was ‘n tekortkoming, maar binne die konteks van die tyd nie ‘n doelbewuste verwringing van die geskiedenis nie.

- Die departement was nie ‘n pasaangeër ten opsigte van tematiek of ten opsigte van die toepassing van teorieë of modelle op die geskiedenis nie. Hy het trouens ten opsigte van laasgenoemde ‘n gesonde afstandelikheid bewaar wat hom verhoed het om intellektuele modes na te volg.
- In sy leerplanontwikkeling in Suid-Afrikaanse geskiedenis was die stilstand van twintig jaar tussen die Thom en Van Zyl-era, ‘n ernstige leemte wat die departement agter gestel het by ander universiteite. Dit was ‘n geleentheid wat deur promovendi van die departement aangegryp is om aan veral nuwe universiteite die horisonne te open wat vir hulle op Stellenbosch dig bewolk was.
- Die departement het ‘n konstruktiewe bydrae gelewer om die Afrikaner te help om sy historiese ervaring binne die konteks van veranderende vraagstellings en ‘n veranderende wêreld deurlopend te herinterpreteer. Sy verbondenheid aan die Afrikaanse leefwêreld en sy pogings om dit kontinu binne nasionale en internasionale veranderinge te verstaan, bly sy belangrikste bydrae. Indien hy hom van hierdie Afrikaanse wêreld sou afsny, sou hy inderdaad vir die Afrikaanse mense irrelevant word.
- In sy onderrig, en minder in sy navorsing, het die departement ‘n positeiwe rol gespeel om kennis en verstaan van die wêreld buite Suid-Afrika te bevorder.
- Dit is eerder die standpunt dat die departement irrelevant is, wat irrelevant is. Wie erns maak met die studie van die Suid-Afrikaanse verlede, moet ook erns maak met die historiese produksie wat die departement gelewer het

Stellenbosch
29.1.2004.

12181 woorde